WES-KAAP
LANDBOU AKADEMIE

VAN WINGERD TOT WEIDING



# NASIONALE DIPLOMA (NQF 5)

DIEREPRODUKSIE MET SPESIALISASIE IN BOK- EN SYBOKHAARPRODUKSIE


***SAQA ID: 49010***

***2026/2027***

# KURSUSOORSIG

## Nasionale Diploma: Diereproduksie | NQF 5, 240 Krediete

*Met spesialiteit in Vleisbok- & Sybokhaar Produksie*

## KWALIFIKASIEREËLS

Die Nasionale Diploma in Diereproduksie met 'n spesialiteit in Vleisbok- & Sybokhaar Produksie is 'n Akademiese Aanlynprogram wat ondersteun word deur praktiese modules, ontwikkel vir die Boerbok- en Sybok bedryf in Afrika, suid van die Sahara.

Die kwalifikasie fokus op die Bestuur van Operasionele Vleisbok en Sybokhaar Produksievaardighede binne die wetenskaplike raamwerk van kennis oor biologie, natuurbewaring, regeneratiewe produksie, landbou-ekonomie en strategiese besigheidsbestuur, ondersteun deur fundamentele kennis oor die toepassing van basiese rekenaarvaardighede, kommunikasie, toegepaste wiskunde, landbou-ingenieurstegnologie, chemie en fisika.

Die twee jaar Nasionale Diploma in Diereproduksie met 'n spesialiteit in Vleisbok en Sybokhaar produksie sal kwalifiserende studente in staat stel om aktief deel te neem en kennis in primêre Boerbok en Angora- bok produksie op te doen, terwyl die algehele kennis oor die landbou waardeketting verbeter word en geleenthede geskep word om toegang tot plaaslike, nasionale en internasionale landboumarkte te verkry.

Spesifieke bevoegdheid sal verkry word in die gespesialiseerde subveld van bok produksiestelsels, teling, hanteringspraktyke, klasse en lewensfunksies, voeding, produksienorme en meting, rekordhouding en prestasiemeting, siektes en biosekuriteit, hantering en bestuurspraktyke, die voerkraalomgewing, bok waardekettings en die slag van bokke, gradering van vleis, asook die klassering en sortering van bokhaar, met 'n ewe sterk fokus op ekonomiese en finansiële bestuur.

Na voltooiing van studies sal studente goed geposisioneer wees om hulle ervaring en kennis uit te brei na ander sub-velde soos gewasproduksie, gemengde boerdery, wildbestuur en plaasbestuur.

## TOELATINGSVEREISTES

Die volgende minimum toelatingsvereistes is van toepassing om vir die Nasionale Diploma in te skryf:

- Nasionale Senior Sertifikaat (Graad 12), of Nasionale Sertifikaat (Beroepsgerig) wat toegang tot Diploma- of Hoër Sertifikaat studies toelaat
- Minimum Aansoekpunt van 20
- Engelse onderrigtaal met 'n minimum prestasievlak 3 (40%)
- Wiskundige Geletterdheid met 'n minimum prestasievlak 4 (50%), of
- Wiskunde met 'n minimum prestasievlak 2 (30%)

## KWALIFIKASIE OORSIG

**Eerstejaar modules**
***Semester 1***

1. Inleidende modules (INDU110 & NATU110)
2. Basiese Rekenaarvaardighede (COMP114)
3. Kommunikasievaardighede I (COMM114)
4. Toegepaste Wiskunde en Statistiek I (MATH114)
5. Landbouwetenskap I (AGSC114)
6. Landboubestuur en -Ekonomie I (AGMA114)
7. Veekunde I (ANIM114)
8. Bokproduksie I (GOAT114)

***Semester 2***

1. Kommunikasievaardighede II (COMM124)
2. Agri Ingenieurstegnologie I (ENGI124)
3. Toegepaste Wiskunde en Statistiek I (MATH124)
4. Landboubestuur en -Ekonomie I (AGMA124)
5. Veekunde I (ANIM124)
6. Weidingsleer I (GRAZ124)
7. Bokproduksie I (GOAT124)

**Tweedejaar modules**

***Semester 1***

1. Toegepaste Wiskunde en Statistiek II (MATH215)
2. Landboubestuur en -Ekonomie III (AGMA215
3. Weidingsleer II (GRAZ215)
4. Veekunde II (ANIM215)
5. Bokproduksie II (GOAT215)

***Semester 2***

1.Toegepaste Wiskunde en Statistiek II (MATH225)
2. Landboubestuur en -Ekonomie IV (AGMA225)
3. Weidingsleer II (GRAZ225)
4. Aangeplante Weidings (PAST215)
5. Veekunde II (ANIM225)
6. Bokproduksie II (GOAT225)

## KURRIKULUM

**Eerste jaar:**
**Eerste Semester:**

### Inleidende modules

- Inleiding tot Agripedia (INDU110)
- Die aard van jou denke (NATU110)

### Module 1: Basiese Rekenaarvaardighede (COMP114)

- Inleiding tot rekenaars
- Rekenaarkomponente
- Bedryfstelsels
- Elektroniese Kommunikasie
- Microsoft Office

**Module 2: Kommunikasievaardighede I (COMM114)**

- Kommunikasie Fundamenteel en in Praktyk
- Die gebruik van Teks in Kommunikasie

**Module 3: Toegepaste Wiskunde en Statistiek I (MATH114)**

- Meting en Omskakelings
- Omtrek, Oppervlakte, en Volume
- Kaarte en Skaal

**Module 4: Landbouwetenskappe I (AGSC114)**

- Diere- en Plantbiologie
- Basiese Chemie
- Ekologiese Beginsels

**Module 5: Landboubestuur en -Ekonomie I (AGMA114)**

- Plaasbeplanning
- Inleiding tot Plaasbestuur
- Menslike Hulpbronbestuur
- Insetverkryging, Aankope en voorraadbeheer

**Module 6: Veekunde I (ANIM114)**

- Klassifikasie & Nomenklatuur
- Genetika en teling
- Anatomie & Fisiologie
- Dieresiektes en -Gesondheid I (MSD)

**Module 7: Bokproduksie I (GOAT114)**

- Inleiding tot Bokproduksie en Industrie Oorsig
- Teling van Bokke en Teelsisteme
- Bokproduksiesisteme
- Bokproduksiestelsels
- Bokhanteringsfasiliteite en Bestuurspraktyke

**Eerste jaar:**
**Tweede semester:**

### Module 1: Kommunikasievaardighede II (COMM124)
- Geskrewe Kommunikasie
- Besigheid Kommunikasie

### Module 2: Agri Ingenieurstegnologie I (ENGI124)
- Landbouveiligheid
- Strukturele Materiale
- Energie
- Konstruksie Prosesse
- Gereedskap en Toerusting
- Besproeiing & Watervoorsiening
- Tekeninge

### Module 3: Toegepaste Wiskunde en Statistiek I (MATH124)
- Data en Statistiek
- Finansieel: Inkomstes, Uitgawes, Rente, die Bank en Inflasie
- 2- en 3-Dimensionele Afmetings en Spasie

### Module 4: Landboubestuur en -Ekonomie II (AGMA124)
- Plaasbesigheidsbeplanning
- Finansiële bestuur
- Natuurlike en volhoubare hulpbronne
- Bemarking

### Module 5: Veekunde I (ANIM124)
- Dierevoeding
- Predasie Bestuur
- Diere Gesondheid en Siektes I (MSD)
- Kunsmatige Inseminasie

### Module 6: Weidingsleer I (GRAZ124)

- Veldbestuur
- Plant Identifikasie en Assessering van Veldtoestand
- Groeiprosesse en produksie van weidingsgewasse
- Voerkwaliteit en die effek van ontblaring op plante

### Module 7: Bokproduksie I (GOAT124)

- Voeding van Bokke
- Veilige vervoer van Bokke
- Intensiewe voeding van Bokke
- Bokskeerpraktyke
- Skeer van Bokke

**Tweede jaar:**
**Eerste semester:**

### Module 1: Toegepaste Wiskunde en Statistiek II (MATH215)

- Patrone, volgordes en reekse
- Funksies
- Komplekse getalle

### Module 2: Landboubestuur en -Ekonomie III (AGMA215)

- Die MindCo Mikro MBA
- MindCo Unlimited Opleiding
- Entrepreneurskap
- Plaas Veiligheid en Sekuriteit

### Module 3: Weidingsleer II (GRAZ215)

- Onderverdeling van veld in homogene eenhede
- Beginsels van bestuurssisteme
- Rus van veld

### Module 4: Veekunde II (ANIM215)

- Anatomie & Fisiologie
- Gevorderde Voeding van herkouers

- Bok Gesondheid en Biosekuriteit II (MSD)

**Module 5: Bokproduksie II (GOAT215)**
- Klassifisering en Sortering van Bokhaar
- Bestuur van Bokproduksiesisteme
- Oorsig van Bok Boerdery
- Klasse van Bokke en hulle Lewensfunksies

**<u>Tweede jaar:</u>**
**<u>Tweede semester:</u>**

**Module 1: Toegepaste Wiskunde en Statistiek II (MATH225)**
- Komplekse Statistiese- en Moontlikheidsmodelle
- Calculus

**Module 2: Landboubestuur en -Ekonomie II (AGMA225)**
- Besigheid Eienaarskap
- Operasionele beplanning en toepassing
- Produksiebestuur
- QGIS

**Module 3: Weidingsleer II (GRAZ225)**
- Drakrag & Weidingskapasiteit
- Veelvuldige kampstelsels
- Weidingsbestuursrekords

**Module 4: Aangeplante Weidings (PAST215)**
- Weiding implementering en beweiding
- Weidingsbesproeiing
- Weidingsvoere

**Module 5: Veekunde II (ANIM225)**

- Pluimveeproduksie / Varkproduksie
- Gesig en Gelaatstrekke Identifisering van Diere
- Byeboerdery

**Module 6: Bokproduksie II (GOAT225)**

- Produksie en Meting van Produksie
- Bok Rekordhouding
- Slag van bokke en die prosessering van bokvleis
- Bok waardekettings

## VAARDIGHEDE EN WERKSGELEENTHEDE

Die student sal gedurende sy/haar studies 'n kritiese begrip van moderne bokproduksie in Afrika ontwikkel, asook die begrip van hoe Vleisbokke en Angora haarproduksie in die internasionale ekonomie werk.

Studente sal praktiese en relevante vaardighede opdoen wat hom/haar in staat sal stel om in die bok- en ander veeproduksiesektore in Afrika suid van die Sahara te werk.

Alle kursusinhoud is gebaseer en word ondersteun deur die nuutste industrie-ontwikkelings en hierdie praktyke sal die student in staat stel om bokke kommersieel suksesvol te produseer.

Gegradueerdes sal die primêre landbouwerkplek kan betree en deur harde werk en toewyding 'n florerende loopbaan kan vestig.

## METODE VAN AANBIEDING

Die Nasionale Diploma in Diereproduksie met 'n spesialiteit in Vleisbok- & Sybokhaar Produksie word as 'n gemengde akademiese program aangebied wat behels 'n opwindende internet tegnologie gedrewe leerprogram waar studente in die rekenaarlokaal selfstudie toepas onder toesig en hulp om werksopdragte na te vors en in te dien. Studente word ook onderrig in teoretiese en praktiese lesings deur professionele akademici en tegnici vanuit die verwante landbou industrie.

Praktiese opleiding en vaardigheid word opgedoen deur interaktiewe veldbesoeke aan kommersiële produsente in die bedryf, asook die aanbied van verskeie industrie relevante vaardigheid kursusse.

Hierdie is 'n deelnemende leerprogram waar die student ook in staat sal wees om met medestudente regoor die land te kommunikeer deur middel van Agri–sosiaal, ons sosiale media platform. Hierdie platform maak voorsiening om vrae te bespreek, asook die geleentheid om interessante artikels, foto's en video's op te laai en te deel. Deur die verloop van die akademiese jaar sal dosente en tegnici beskikbaar wees om akademiese riglyne te verskaf.

## KOSTES

Die volgende akademiese fooie is van toepassing vir 2026/2027.

| Kategorie: | Jaar 1 (2026): R 150 000 | Jaar 2 (2027): R 155 000 |
|---|---|---|
| **Verpligte registrasie fooi voorafbetaalbaar:** | R 10 000 | R 10 000 |
| **Klasgelde: Eerste Semester:** | R 56 000 | R 58 500 |
| **Klasgelde: Tweede Semester:** | R 56 000 | R 58 500 |
| **Akkommodasie:** | R 28 000 | R 28 000 |
| **10 Maandelikse betalings (EFT).** | R 14 200 | R 14 700 |

***Let wel:***

1. ***Etes is nie ingesluit by die jaarlikse fooi nie. Studente is verantwoordelik om regdeur die jaar voorsiening te maak vir hul eie etes in die selfsorg eenhede.***
2. ***Die kostes vir vervoer, etes en akkommodasie vir moontlike praktiese opleiding buite Clanwilliam is nie ingesluit by die akademiese kostes nie en sal vooraf met studente bespreek word soos van toepassing vir praktiese opleiding.***
3. ***Deposito is nie terugbetaalbaar!***
4. ***Eenmalige betaling ('n 2.5% afslag is van toepassing vir studente wat die volledige jaarfooi vooruit betaal)***

## ALTERNATIEWE REËLINGS VIR BETALING

Indien die student nie in 'n finansiële posisie is om die volle bedrag per semester te betaal nie, kan skriftelike aansoek vir die maandelikse betaling van modules gerig word aan die Finansiële Direkteur, finance@weskaaplandbou.co.za

## HOEKOM DEUR WKLA / i3A STUDEER?

- Weskaap Landbou Akademie bied voltydse inwoning met 'n studentekultuur en kampuslewe.
- Akademiese programme word ontwikkel en aangebied onder toesig van professionele akademici en tegnici vanuit die Suid Afrikaanse Landbou-industrie.
- Kwalifikasies en kursusse is SAQA geakkrediteer.
- Geakkrediteerde dosente en akademici vanuit die industrie bied die kwalifikasies aan.
- Pasgemaakte aanlyn Landboukampus wat e-leer modules en 'n aanlyn ensiklopedie insluit.

## MEER INLIGTING:

www.weskaaplandbou.co.za E-pos: info@weskaaplandbou.co.za Tel: +27 (0)51 444 0201

*Gedryf deur*